Predikante Pensioenfonds
Amptenare Pensioenfonds

Junie 2020

Aan: Alle deelnemende werkgewers van die Sanlam Sambreel Pensioenfonds: NG Kerk van Transvaal - Predikante en die NG Kerk van Transvaal – Amptenare

SAMESMELTING VAN DIE SANLAM SAMBREEL PENSIOENFONDSE: NG KERK VAN TRANSVAAL - PREDIKANTE PENSIOENFONDS EN DIE NG KERK VAN TRANSVAAL - AMPTENARE

Agtergrond

Die NG Kerk van Transvaal bied reeds vanaf die vroeë vyftigjare, aftreevoorsiening aan sy lede: beide predikante en amptenare in diens van die Kerk:

- NG Kerk van Transvaal Predikante Pensioenfonds (PPF) – gestig 1954.
- NG Kerk van Transvaal Amptenare Pensioenfonds (APF) – gestig 1984.
- Personeelvoorsieningsfonds van die NG Kerk van Transvaal (PVF) – gestig 1992.

Gedurende 2009, het die APF en PVF saamgesmelt.

Die strukture van die twee oorblywende fondse (die PPF en die APF) was op daardie stadium van so ‘n aard dat ‘n samesmelting nie moontlik was nie alhoewel ‘n sekere ekonomie van skaal bereik is met die stigting van die Christen Gemeenskap Pensioenfonds.

Gedurende 2013, het die Christen Gemeenskap Pensioenfonds by die Sanlam Sambreel Pensioenfonds ingeskakel.

Wysigings sedert 2015 in die strukture en voordele van die twee fondse het daartoe gelei dat ondersoek ingestel is na ‘n moontlike samesmelting. By die vergadering van die twee bestuurskomitees in Maart 2020, het hierdie ondersoek aan die lig gebring dat ‘n samesmelting wel moontlik is en tot voordeel van albei fondse en sy lidmaatskap sal wees.

Sussexlaan 439, Lynnwood, 0081
Posbus 36430, Menlopark, 0102
E-pos: theo@pensioene.co.za
Tel: 012 342 0415
Pensioenfondsbestuurder: Mnr TP Smith

Huidige voordeel struktuur van die Predikante Pensioenfonds en die Amptenare Pensioenfonds

	Predikante Pensioenfonds		**Amptenare Pensioenfonds**	
Bydraekategorieë	Werknemer	Werkgewer	Werknemer	Werkgewer
	4.2%	9.3%	5%	5% (geslote kategorie met geen risiko voordele)
	5%	10%	5%	8.5%
	6.1%	11.4%	7.5%	13%
	7%	13%	7.5%	15%
	7.5%	15%	7.5%	17.5%
	7.5%	17.5%	7.5%	20%
	7.5%	20%		
Risikovoordele				
Goedgekeurde Sterftevoordeel	4x pensioengewende salaris		3x pensioengewende salaris	
Nie-goedgekeurde Sterftevoordeel	4x pensioengewende salaris		2x pensioengewende salaris	
Enkelbedrag Ongeskiktheidsvoordeel	3x pensioengewende salaris		1x pensioengewende salaris	
Ongeskiktheidsinkomste	75% van pensioengewende salaris		75% van pensioengewende salaris	
Gadeverskering	1x pensioengewende salaris		1x pensioengewende salaris	

Nuwe struktuur na samesmelting

	Predikante en Amptenare Pensioenfonds	
Bydraekategorieë	**Werknemer**	**Werkgewer**
	5%	5% (geslote kategorie)
	4.2%	9.3%
	5%	8.5%
	5%	10%
	6.1%	11.4%
	7%	13%
	7.5%	13%
	7.5%	15%
	7.5%	17.5%

	7.5%	20%
Risikovoordele		
	Kategorie 1 - Predikante	**Kategorie 2 – Amptenare**
Goedgekeurde Sterftevoordeel	4x pensioengewende salaris	3x pensioengewende salaris
Nie-goedgekeurde Sterftevoordeel	4x pensioengewende salaris	2x pensioengewende salaris
Enkelbedrag Ongeskiktheidsvoordeel	3x pensioengewende salaris	1x pensioengewende salaris
Ongeskiktheidsinkomste	75% van pensioengewende salaris	75% van pensioengewende salaris
Gadeverskering	1.25x pensioengewende salaris	1x pensioengewende salaris

Huidige kostes ten opsigte van die Predikante- en Amptenare Pensioenfonds (miv 1 Maart 2020)

Item	**Predikante Pensioenfonds**	**Amptenare Pensioenfonds**
Administrasie	0.1816% van salaris	0.4170% van salaris
Konsultasie	0.1262% van salaris	0.200% van salaris
Goedgekeurde sterftevoordeel	1.5810% van salaris	1.384% van salaris
Nie-Goedgekeurde sterftevoordeel	1.3350% van salaris	0.908% van salaris
Ongeskiktheidsenkelbedrag	0.5420% van salaris	0.156% van salaris
Ongeskiktheidsinkomste	1.2300% van salaris	0.831% van salaris
Gadeversekering	0.1800% van salaris	0.972% van salaris
Totaal	**5.1758% van salaris**	**4.868% van salaris**

Kostes by eenwording van die Predikante- en Amptenare Pensioenfonds

Item	**Koste**
Administrasie	0.2532% van salaris
Konsultasie	0.1490% van salaris
Goedgekeurde sterftevoordeel – 4x salaris (Kategorie 1)	1.445% van salaris
Goedgekeurde sterftevoordeel – 3x salaris (Kategorie 2)	1.2690% van salaris
Nie-Goedgekeurde sterftevoordeel- 4x salaris (Kategorie 1)	1.3350% van salaris
Nie-Goedgekeurde sterftevoordeel 2x salaris (Kategorie 2)	0.8260% van salaris
Ongeskiktheidsenkelbedrag-1x salaris (Kategorie 2)	0.1560% van salaris
Ongeskiktheidsenkelbedrag – 3x salaris (Kategorie 1)	0.5420% van salaris
Ongeskiktheidsinkomsteversekering	1.0740% van salaris
Gadeversekering – 1x salaris (Kategorie 2)	0.9720% van salaris

Gadeversekering 1.25x salaris (Kategorie 1)	0.2250% van salaris
Totaal (Kategorie 1)	**5.023% van salaris**
Totaal (Kategorie 2)	**4.699% van salaris**

Kostebesparing per totaal teenoor vorige koste

	Predikante Pensioenfonds	**Amptenare Pensioenfonds**
Huidige Koste	5.1758% van salaris	4.868% van salaris
Koste by eenwording	5.023% van salaris	4.699% van salaris
Besparing	**0.1528% van salaris**	**0.1690% van salaris**

Voordele van samesmelting

Afgesien van die voor-die-hand-liggende kostebesparing, is daar ook die volgende voordele:

- Een bestuurskomittee met drie vergaderings per jaar.
- Een administrasie-verslag per vergadering.
- Een beleggingsverslag per vergadering
- Een jaarlikse hersiening.
- Minder betaalpunte en meer effektiewe administrasie (die proses op die web word net een maal gevolg waar daar predikante en amptenare in diens is).
- Toekomstige moontlike afname in administrasie- en konsultasiefooie.

Die pad vorentoe

Vanweë die inperking wat ‘n groot gedeelte van die winter ingesluit het, sal die effektiewe datum van samesmelting nou 1 Augustus 2020 wees. Ons administrateurs (Sanlam) en konsultante (Simeka) werk tans agter die skerms om die wysigings op die web aan te bring en lede-gidse op te dateer.

Aanvanklik was die plan om alle werkgewers gedurende Junie/ Julie 2020 op te lei maar vanweë die inperkingsregulasies, was - en is dit steeds - nie moontlik nie. Werkgewers sal opleiding ontvang soos hulle dit versoek. Verdere kommunikasie sal aangestuur word soos daar behoeftes identifiseer word.

Baie groete

TP SMITH: PENSIOENBESTUURDER